[A]

Pensioen Nr 247552B
Kershout-laan 21
Hartenbos Heuwels
6520.

25 September 2006

FAKS: 021-403 2808
Chris Thisani, Komitee Sekretaris
Posbus 15, Kaapstad, 8000
VIR AANDAG: PETER A C HENDRICKSE L.P.

Geagte Meneer,

Transnet Pensioenfonds voorlegging vir
-Openbare verhore- Vrydag 13 Oktober 2006

Vergun my die geleentheid om 'n voorlegging te doen met betrekking tot Transnet Tweede Gedifinieerde Fonds waarvan ek 'n lid is.

(1) Die 2% jaarlikse verhoging wat vir baie, baie jare gelede nagegepeer is, is nie meer realisties nie.

(2) Die hoë en aanhoudende stygings in lewenskoste (nie inflasie nie) is die pensioenarisse nou agtergeblewendes.

(3) Die groot inkomste stygings oor die jare van die professionele tot die gewone werker bepaal die aanvraag en lewenskoste.

(4) Die aanhoudende stygings van gebruikers goedere, Munisipale dienste en belastings sleier die pensioenarisse onder die magtige druk van verpligtings.

(5) Dit is nie meer 'n regverdige bedeling nie! Die gevolg is pensioenarisse wat verder en verder terug gly in armoede en hul menswaardigheid aantas.

(6) Versoek dus dat u asb. die 2% jaarlikse verhogings ontbind en na 'n meer redelike verhoging van 6% tot 8% instel om dit wat vir 40/45 jaar opgebou is instand kan hou vir die kort sukkie van hul lewenskoste.

Vriendelike Groete
Die uwe.
[signature] HANNES STRYDOM (J.H.)

TRANSNET PENSION FUN [B]

OUR Input as VENDA Party is that – the Deceased Who worked at Railway like our FATHERS Who died without Fingers Should be Compensated to + We the remaining descendants

The Transnet provides Holidays and Come together of Officials not from RURAL Communities

We need TRANSNET TO OPEN their Archives and Publish the UNCLAIMED PENSIONS

EG MY FATHER WAS in 1978 NEVER WENT BACK TO JOHANNESBURG. Railway: NEVER CLAIMED UNEMPLOYMENT, NEVER GOT PENSION.

DIED a Poor MAN After Working for more than 28 Years in Railway TRANSNET

Mr MATHIVHA A.L
P.O BOX 431
SHAYANDIMA
0945

Tel 015 962 2743

Faks: No. 021-403-2808

Stanleystraat 15
Brackenfell
7560

[C]

26 September 2006.

Peter AC Hendrickse LP+
Chris Thisane
Posbus 15
Kaapstad.

Re: TRANSNET Pension Fund.
Amendment Bill. 2006

U skrywe in Rapport van 24 Sept. 2006 verwys.

Ek die ondergetekende Christiaan Jacobus Barnard van bogenoemde adres, skriftelike voorlegging u aandag asb.

Ek sluit aan by S A Vervoerdienste, Lugdiens en Hawens op Februarie 1948. In diens tot April 1955 waarna ek bedank omdat daar geen rooskleurige toekoms was weens swak salaris struktuur.

Gaan werk by privaat maatskappy tot April 1957 toe ek tot die besef kom daar nog 'n minder toekoms daar vir my was! Doen weer by SA Vervoer aansoek. Word dadelik in diens gestel omdat ek skoon rekord het.

Begin weer werk by SAS en H op 2 Feb. 1958. Moes alle vakke en eksamens weer aflê. Van daar het dit beter gegaan. Jy was verplig om lang ure te werk!

'n Skof was 10 ure per nag of dag. 2 ure oortyd waarvoor jy 20 minute kry vir elke uur oortyd. Sondagtyd dubbeld. Ons was maar altyd bly want daar was groot tekort aan personeel. Dit het ons baie gehelp want die salaris was min. Nie net werknemer het baat gevind nie maar ook staat. Ons het belasting betaal daarvoor. Ek het soms 24/36 ure aanmekaar gewerk. Gedurende 1984/85 het ek die Bestuur gevra om diens aanmekaar te skakel - d.w.s. die 1 jaar wat ek weg was aaneenlopend met my huidige diens. Dit kon nie gedoen word nie, maar ons kon ons Pensioen terugbetaal vir die tydperk wat ons uit diens was teruglopend tot ons 16de jaar.

My ouers is in die tussentyd oorlede! Ek het my erfporsie in my Pensioen-skema in betaal. Bedrag was +- R10,500. Ek het geen ander keuse gehad nie, want ons Pensioen was baie swak.

Maar die lang ure en Winter koue het sy tol ge-eis. In Julie 1987 het ek Medies-ongeskik geraak! Met my Pensioen het ek toe vir my 'n huis gekoop. Ons het net-net oorleef met ons pensioen. Daar was jaarliks 'n 2% verhoging vir ons, maar voor 1990 as Transnet verhoging gekry het, het ons ook PRO-RATA gekry.

Sedert 1990/1991 het ons nog nooit weer 'n verhoging gekry nie behalwe die 2%! En ons moes nog steeds belasting betaal. Ons betaal dieselfde vir brandstof, huisbelasting, water en ligte, motor lisensie en voedsel.

Ons pensioenarisse ...

Weens inflasie en duur medisyne. Ek wou al my huis verkoop maar die mediese-oord is nog duurder. Om in die selfsorg eenhede te belê is duurder as jou pensioen. Ek sluit my inkomste aanslag saam met my IRP5 sertifikaat hiermee saam.

Doen asseblief vir ons moeite sodat ons ook weer 'n menswaardige lewe kan voer.

Baie dankie by voorbaat,

C. J. Barnard.

[signature] 26/09/2006

## Meer pensioen vir afgetrede amptenare

KAAPSTAD. – Staatsamptenare wat reeds pensioen trek, sal van die begin van April af 'n verhoging van 4,5% in hul maandelikse pensioen kry.

Die Pensioenfonds vir Staatsamptenare (PSA) het vandeesweek in Pretoria aangekondig dat die verhoging net ietwat meer as die verbruikersprysindeks van 3,4%.

Die PSA het gesê mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, het in sy begrotingsrede laat blyk staatspensioene en baie private pensioene het in die verlede nie tred gehou met inflasie nie.

"Die raad van trustees het in dié verband op die minister se beroep gereageer.

"Die gemiddelde verhoging vir die huidige jaar, soos deur die raad goedgekeur is, verteenwoordig 'n verhoging van 16% vir baie pensioenarisse wat voor September 1992 afgetree het."

Luidens die PSA is die verhogings moontlik gemaak deur onlangse goeie opbrengste op beleggings. – (Rafaa Azzakani)

## Kyk ook na afgetredenes

LUIDENS 'n berig in *SakeBurger* van 1 September het die uitvoerende hoof van Transnet se vergoeding met 60% tot R4 miljoen per jaar gestyg.

Ek het geen probleem daarmee nie, maar daar moet onthou word dat ongeveer 100 000 pensioentrekkers van die Transnet Tweede Vastevoordeelfonds (TSDBF) besig is om te verarm deurdat hulle net die statutêre verhoging van 2% jaarliks kry.

Van dié lede moet nou hul wonings verkoop en by ouetehuise aanklop vir verblyf. Die rede waarom die fonds so swak presteer, is eerstens weens swak beleggings wat deur die trustees van die TSDBF, waarin die pensioentrekkers nie verteenwoordig is nie, gemaak is.

Tweedens het dr. Anton Moolman, voormalige bestuurshoof van Transnet, die volgende gesê (ek haal aan uit die finansiële state van Transnet vir 1993-'94): "Transnet is egter van mening dat die staat 'n finansiële verpligting het teenoor Transnet, omdat die maatskappy voor 1990 nie beleggingsvryheid gehad het nie. Die SA Vervoerdienste was verplig om in die staat te belê en dus het ons nie soos ander pensioenfondse 'n goeie opbrengs op ons kapitaal verdien nie."

Lees asb. aangehegte stukke uit Die Burger met betrekking tot pensioenarisse.

1-4032808

(4)

SARS

INKOMSTEBELASTING **IB 34**

2006-08-01 2006-08-31

**Inkomste aangeslaan**

**Inkomste**

| Kode | Beskrywing van bronkode | Nota | R |
|---|---|---|---|
| 3603 | PENSIOEN - BELASBAAR | | 63 980 |
| 4201 | RENTE - PLAASLIK | 1 | 0 |
| | **Totale Inkomste** | | 63 980 |

**Aftrekkings**

| Kode | Beskrywing van bronkode | Nota | R |
|---|---|---|---|
| 4008 | MEDIESEUITGAWES (TOTAAL) | | 10 893- |
| | **Totale Aftrekkings** | | 10 893- |

**Belastingberekening**

**Bylae tot aanslag**

**Inkomste/Verlies**

| Nota | Kode | Beskrywing | R | R |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 4201 | BEDRAG VERKLAAR | | 441 |
| | | BELEGGINGSVRYSTELLING | | 441- |
| | | | | 0 |
| 2 | | **Kortings** | R | R |
| | | PRIMERE | 6 300.00 | |
| | | OUDERDOM | 4 500.00 | 9 546.66 |
| 3 | | **Balans van rekening soos op** | R | R |
| | | BELASTING | 0.00 | |
| | | BOETE | 0.00 | |
| | | RENTE | 0.00 | 0.00 |

Faks 021-403-2808

(5)

8

South African Revenue Service
EMPLOYEES TAX

**IT 3(a)**

Suid Afrikaanse Inkomstediens
WERKNEMERSBELASTING

# RETURN OF PAYMENT FOR WORK/SERVICES FROM WHICH NO EMPLOYEES TAX WAS DEDUCTED

| EMPLOYER INFORMATION | | EMPLOYER BUSINESS ADDRESS | |
|---|---|---|---|
| TRADING OR OTHER NAME | TRANSNET PENSION FUND | EXECUTIVE MANAGER | |
| IT 3(a) NUMBER | 20698983 | PENSION FUND OF TRANSNET LTD | |
| REFERENCE NUMBER | 7710736903 | PRIVATE BAG X41 | |
| TAX YEAR | 2006 | BRAAMFONTEIN | |
| EMPLOYER ENJOYS DIPLOMATIC INDEMNITY | No | POSTAL CODE | 2017 |

EMPLOYEE INFORMATION — Transnet Pension Fund Reference : 398545G/PP/IT3(a)

| | | | |
|---|---|---|---|
| EMPLOYEE SURNAME OR TRADING NAME | BARNARD | | |
| FIRST TWO NAMES | CHRISTIAAN JACOBUS | | |
| INITIALS | CJ | EMPLOYEE'S RESIDENTIAL ADDRESS | |
| NATURE OF PERSON | B | STANLEYSTR 15 | |
| IDENTITY NUMBER | 0000000000000 | BRACKENFELL | |
| PASSPORT NUMBER | | 7560 | |
| DATE OF BIRTH | 1930/06/27 | | |
| COMPANY/CC/TRUST NUMBER | | POSTAL CODE | |
| INCOME TAX NUMBER | 7590957846 | EMPLOYEE NUMBER | 398545G |

TAX CALCULATION INFORMATION

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| PERIOD EMPLOYED FROM | 2005/03/01 | PERIOD EMPLOYED TO | 2006/02/28 | DIRECTIVE NUMBER | |
| PAY PERIOD IN TAX YEAR | 12 | VOLUNTARY OVER-DEDUCTION | N | FIXED RATE INCOME | |
| NUMBER OF PAY PERIODS WORKED | 12 | | | | |

INCOME SOURCES

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3603 | PENSION - TAXABLE | | 63930 |

GROSS REMUNERATION

| | | |
|---|---|---|
| 3696 | GROSS NON-TAXABLE INCOME | 0 |
| 3698 | GROSS NON-RETIREMENT FUNDING | 63930 |
| 3699 | GROSS REMUNERATION | 63930 |

DEDUCTIONS

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4005 | MEDICAL CONTRIBUTIONS | 0 | ✓ | 10162 |

REASON FOR NON DEDUCTION OF EMPLOYEES TAX

| | | |
|---|---|---|
| 2 | EARNED LESS THAN TAX THRESHOLD | 0.00 |